Moderne Lentedag ruiker



Benodigdhede:

* Groen papier - 18 X 14,5 cm
* Bypassende stukkie groen karton ± 14,5 X 6 cm
* Gom
* "Double-sided tape"
* Skêr
* Blommetjies (dupliseer voorbeelde, kleur in en knip uit of gebruik blom-ponsies ("punches")

Vou die papier in die lengte dubbeld, m.a.w. met die lang sye opmekaar. Vou weer oop. (Hierdie vou dui net die middel aan.)



Begin by 'n kort sy en maak konsertinavoue van omtrent 2 cm groot.

Vou die "konsertina" toe op die middelste vou wat in die eerste stap gemaak is. Plak "double-sided tape" aan die een kant van die laaste vou. Plak hierdie twee helftes aan mekaar vas.



Plak ook "double-sided tape" aan die volle ander kant van die "konsertina" vas.



Trek die plastieklagie af en plak die waaier versigtig aan die karton vas.



Dit mag nodig wees om 'n klein bietjie gom te smeer tussen die laaste en voorlaaste vou om die waaier mooi te laat staan. Druk dit vas (waar die vinger wys).

Smeer gom aan die agterkant van die blommetjies en plak hulle versigtig aan die waaier vas. Druk elke blommetjie 'n rukkie tot die gom plak.